Hoërskool Goudini
A P Hanekom - Skoolhoof

Posbus 25 RAWSONVILLE 6845
023-3491070 / Faks 0866587099

Van Riebeeckstraat 39 RAWSONVILLE 6845
admin@hsgoudini.co.za

NUUSBRIEF

Geagte Ouers

PERSONEEL VERJAARSDAE

27 Februarie – Marti-Mari Smit

PITKOS

Daar is twee tipes geskenke wat ons ons kinders moet gee: diepgewortelde waardes en die vlerke om te vlieg.

BELANGRIKE DATUMS VIR DIE VOLGENDE 2 WEKE

24 Februarie	-	Mini-krieket vs Hexvallei (weg); Jukskei: Worcester
1 Maart	-	Cape Kaskar-wedrenne; Tennis: Goudini vs Worcester-Oos
3 Maart	-	o.13 krieket vs FD Conradie; Mini-krieket vs WPS (weg)
9 Maart	-	Goudini temadans

KOOR

Baie dankie aan elkeen wat ons koor ondersteun met donasies. Sonder daardie fondse sal ons nie kan oefen nie.

OP- EN AFLAAI VAN LEERDERS

Die veiligheid van ons leerders is vir ons van uiterste belang, daarom het die Beheerliggaam besluit dat die volgende reëlings vanaf **Maandag, 26 Februarie** in werking sal tree.

- Geen voertuie sal op die skoolterrein toegelaat word nie.
- Maak gebruik van die hekke in Van Riebeeckstraat en Porterstraat (Graad R hek).
- Die hek in Le Seurstraat (by die begraafplaas), asook alle ander hekke (behalwe bogenoemde) sal vanaf **08:00 tot 13:15** gesluit wees.
- Ouers kan gedurende skoolure die klein hekkie in Van Riebeeckstraat gebruik indien hulle die skool wil besoek.
- Die Graad R ouers kan middae leerders oplaai by die klein hekkie in Porterstraat.

SKAAK

Die volgende skaakspelers is gekies om Noord-Boland skaak te verteenwoordig. Die Kaapse Wynland Skole Skaak (proewe 1) vind op 3 Maart te Wellington Sekondêr plaas. Elzaan Goedeman, Shaundré Jacobs, Retshepile Seholoba, Elzane Goedeman, She-Earl Fritz, Mornic Jacobs, Janine Franse, Michael Rabie, Leethan Willemse, Martine Fortuin, Janine Fredericks en Duran de Klerk. Baie geluk!

KRIEKET

Baie geluk aan MC Crocker en Retief Viljoen wat in die o.13 Noord-Boland krieketspan opgeneem is.

CAPE KASKAR-WEDRENNE

Baie dankie aan een en elkeen wat ons kaskar projek so mooi ondersteun het. Dit word opreg waardeer. Alle kaarte moet teen **Dinsdag, 27 Februarie** terug wees by die skool. Ons nooi almal uit om die dag saam met ons te kom geniet.

ASSESSERINGSROOSTER – MAART 2018

	GRAAD 12	GRAAD 11	GRAAD 10	GRAAD 9	GRAAD 8	GRAAD 7	GRAAD 6	GRAAD 5	GRAAD 4
Dinsdag 13 Maart	WISK / WG	LT / VS	GEO / LW	EBW	SW: AARD	SW: GESK	NWT	WISK	NWT
Woensdag 14 Maart	STUDIE	AFR	AFR	SW: GESK	EBW	TEGN	STUDIE	AFR	STUDIE
Donderdag 15 Maart	FW / BS / GEO	STUDIE	STUDIE	NW	WISK	WISK	SW: AARD	NWT	WISK
Vrydag 16 Maart	ENG	GEO	RTT / LB	SW: AARD	NW	EBW	LV	SW: GESK	LV
Maandag 19 Maart	STUDIE	STUDIE	STUDIE	ENG	AFR	ENG	AFR	STUDIE	ENG
Dinsdag 20 Maart	RTT / LW	WISK / WG	LT / VS	WISK	TEGN	NW	SW: GESK	SW: AARD	SW: GESK
Woensdag 21 Maart	MENSEREGTEDAG								
Donderdag 22 Maart	AFR	ENG	ENG	AFR	ENG	AFR	ENG	ENG	AFR
Vrydag 23 Maart	HB / VS	RTT / LW	WISK / WG	TEGN	SW: GESK	SW: AARD	WISK	LV	SW: AARD

ATLETIEK

Baie geluk aan Andrya Stofberg wat Boland kleure vir Dogters o.12 hoogspring verwerf het. Sy neem volgende naweek aan die Wes-Kaap kampioenskappe te Oudtshoorn deel.

A P HANEKOM
Skoolhoof
23 Februarie 2018